**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Skriflesing**

Psalm 100

**Tema:**

Loof die Here van die poorte tot die uithoeke van die aarde

**Datum:**

31 Augustus 2025

## 1. <u>Inleiding</u>

Geliefdes in ons Here,

'n Erediens in die Gereformeerde kerk is vir sommige mense baie vreemd, veral vir mense wat nie gewoond is aan ons kerklike tradisies nie. Een van die gebruike wat altyd genoem word, is dat ons die Psalms, soos die boek in die Bybel, sing as liedere.

Hulle is dan **baie verbaas** wanneer hulle hoor dat al ons susterskerke gebruik kán maak daarvan. Dán verander hulle *verbasing* boonop gou in *verwondering* wanneer hulle leer dat die Psalms altyd bedoel was om gesing te word.

Die Psalms is eintlik 'n baie ou gesangboek. Aanvanklik was die liedere individueel geskryf en gesing. Maar met die tyd saam het die volk dit belangrik geag om die liedere in 'n bundel te versamel en dit is hoe ons die 150 Psalms gekry het.

Die samestellers het ook nie die Psalms net lukraak genommer nie, maar eerder doelbewus gegroepeer. Sekere Psalms was dan ook gesing tydens sekere tye van die jaar. Byvoorbeeld, Psalm 113-118 was gesing tydens die groot feeste. Wanneer ons in die Nuwe Testament lees dat Jesus en sy dissipels lofliedere gesing het met die Pasga, verwys dit heel waarskynlik na hierdie Psalms.

Die Psalms is dus nie net gedigte en persoonlike liedere nie. Die Here het deur sy Gees die samestellers gelei om vir sy kinders 'n liedboek te gee wat hulle en nou ook ons **in aanbidding lei**. Die samestellers het ook vir baie Psalms opskrifte gegee, om te wys hoe ons dit kan gebruik.

**Commented [MOU1]:** die voornaamwoord pas nie by die naamwoord nie. Indien "volk" verander word na "sy kinders", kan die vnw. "ons" behou word.

Nou moet ons dus die belangrike vrae vra:

- Wat sê Psalm 100 se opskrif?
- Waar in ons aanbidding pas dit in?

2. <u>**Liggaam**</u>

**2.1. Psalm 100 se opskrif:**

In die eerste plek moet ons kyk na die woord wat gebruik word in die opskrif. Die 2020 vertaling sê dat dit "*'n Psalm vir <u>lofprysing</u>*" is. Maar die 1983 vertaling praat van: "*'n <u>Dankpsalm</u>.*" Watter een is dit nou? Is dit vir lofprysing of vir danksegging? Maar dan word dit **nog moeiliker**. In die 1933 vertaling staan daar dit is: "*'n Psalm by die <u>lofoffer</u>.*"

Geliefdes, voordat ons nou heeltemal oorweldig raak, moet ons verstaan dat daar in Hebreeus nie 'n duidelike onderskeid tussen hierdie gedagtes is nie. Al hierdie gedagtes is reg en word vir ons met een woord oorgedra.

In die eerste plek is Psalm 100 'n loflied en 'n danklied.

**2.2. Psalm vir lofprysing en danksegging:**

Dit is nie moeilik om te sien hoe dit 'n **loflied** is nie. Ons kry *regdeur* die oproep om te juig, te jubel, te sing en prys. Al hierdie dinge maak deel uit van lofprysing. Om iemand te loof is om hulle te verheerlik of groot te maak.

Maar dit is ook baie duidelik bedoel om die Here te **dank**. Vers 3 sê ons moet erken dat die Here God is, dat Hy ons gemaak het en dat ons aan Hom behoort. By hierdie erkenning moet ons tot God sing en Hom prys. Met ander woorde ons moet waardering gee vir wie God is en wie Hy ons maak! Dit is bedoel om die Here te dank!

Maar wat word bedoel met "*'n Psalm by die lofoffer*"? Hier kom die twee gedagtes van lof en dank saam.

**2.3. Psalm by die lofoffer:**

Die lofoffer was een van die offers wat die volk kon bring, ons lees daarvan in Levitikus 7. In die wet is daar is geen spesifieke <u>tyd</u> *wanneer* of <u>rede</u> *waarvoor* die offer gebring moes word nie. Hierdie was ***nie*** een van die ***voorgeskrewe*** offers ***nie***.

Niemand was *verplig* om dit te bring nie, maar vir iemand wat waarlik die Here wil loof en dank kon so 'n offer gebring het. Dit was 'n offer *uit die hart* en *spontaan*. En die opskrif sê dat Psalm

100 bedoel is om iemand te begelei met hierdie offer. Dit begelei iemand aan die hand van 7 opdragte:

i. Juig tot eer van die Here... (v.1)

ii. Dien die Here... (v.2a)

iii. Kom in sy teenwoordigheid... (v.2b)

iv. Erken dat die Here God is... (v.3a)

v. Gaan sy poorte binne... (v.4a)

vi. Loof Hom... (v.4b)

vii. Prys sy Naam... (v.4c)

En let op hoe die Psalm baie ver begin en dan al hoe nader kom:

- Vers 1 en 2: Juig o **ganse aarde**! Kom in sy teenwoordigheid met gejubel.
- Vers 3 fokus dan op die **Israeliet** wat deel is van die **verbondsvolk** van die Here. Erken dat die Here God is en dat julle sy volk, sy kudde is!
- En dan nog nader in vers 4. Kom o volk van God na sy **tempel** "*Gaan sy **poorte** en **voorhowe** in!*"

Dit begin op die uithoeke van die aarde, dan die verbondsvolk in Israel en kom tot in God se teenwoordigheid by sy tempel! Vir almal wat kan hoor, enige iemand, kom met 'n gejuig 'n geprys, kom loof en dank die Here.

Die laaste vers ontsluit dan vir ons die **rede** vir hierdie offer. Elke offer word gebring met 'n doel. Sommige offers was vir reiniging, sommiges vir versoening ander as skuldbetaling. Maar die wet gee nie uitdruklike rede vir die lofoffer nie. Psalm 100:5 gee 'n baie duidelike rede: "*Want die Here is goed, vir ewig duur sy troue liefde, van geslag tot geslag sy trou.*"

Geliefdes, as ons dit alles **saamvat**, kom dit hierop neer: Daar is geen groter seën op aarde as om in 'n verbondsverhouding met die Here te wees nie. Wanneer die Heilige Gees hierdie

realiteit by ŉ gelowige tuisbring, wanneer jy iets begin beleef van God se goedheid, genade en ewige troue liefde, dán kan jy nie anders as om die Here te loof en dank nie.

En daarvoor is die lofoffer daar gestel. Nie as ŉ verpligting nie, maar as ŉ spontane antwoord van ŉ hart wat deur God se genade aangeraak is.

Psalm 100 begelei ons dan stap vir stap in hierdie dank- en lofdiens: Aan die een kant begelei die Psalm ons **hande** deur die hele proses tot voor God se altare, maar dit begelei aan die ander kant ook die **hart**! ŉ Ware gelowige, offer nie net met die hande nie, maar ook *uit die hart*. Dan is dit net logies dat die offer met sang, vreugde en juiging gebring was! Hoe kan dit enigsins anders wees?

### 2.4. Psalm 100 se hoop:

Dit bring ons uiteindelik by die vreemde oproep wat Psalm 100 maak. Vers 1 roep uit: "*Juig tot eer van die Here, o ganse aarde!*" Dit is vreemd, want die lofoffer in die tempel was eintlik net vir **diegene wat in die verbond** was. En tog reik hierdie Psalm verder, dit kyk selfs buite Israel. Wat gaan hier aan?

Psalm 100 is dan eintlik besig om die liturgiese grense van Israel te skuif. Die Psalms is mos bedoel om God se verbondsvolk in aanbidding te lei. Hoe kan hierdie grens nou verskuif word? Die antwoord lê eintlik in die vraag. Die Psalms is bedoel om God se verbondsvolk in aanbidding te lei.

Alhoewel die verbond begin met een uitverkore familie wat later ŉ volk word, was dit nie net beperk tot Israel nie. Dit is ingebou in die verbond van Abraham as God vir hom belowe: "*in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word*" (Gen. 12:3).

Dwarsdeur die Ou Testament word hierdie belofte in hoop omskep. So sing Psalm 96:2-3 "*Sing tot eer van die Here, loof sy Naam, verkondig sy heil van dag tot dag. Vertel onder die nasies sy eer, onder al die volke sy wonders.*" Wat God doen, is bedoel om vir almal vertel te word, dit is bedoel dat almal kan deelneem in God se lof.

Psalm 100 nooi die ganse aarde om saam tot God se lof en danksegging in te tree. Maar oor die jare het hierdie hoop vir Israel verflou. **[KP]**

En toe kom die Here Jesus Christus.

Paulus sê dat daar ŉ tyd was toe dié buite Israel uitgesluit was van God se verbond. Hulle was vreemdelinge ten opsigte van God se verbondsbeloftes. Uitgesluit van sy goedheid en troue liefde. Hulle was in die wêreld sonder God en sonder hoop (Ef. 2:11-12).

Maar nou in Christus Jesus het die wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus (Ef. 2:13). Hy is die Een wat die hoop van die Psalm ŉ realiteit gemaak het. Die beloftes en seën van die verbond is nou vir elkeen wat glo in Hom.

So ook in besonder vir ons wat deel het aan God se verbond. As teken en seël daarvan is ons gedoop. As viering van ons gemeenskap in Christus se liggaam en bloed het ons laas week die voorreg gehad om die nagmaal te gebruik.

Geliefdes, mag die Heilige Gees u hart net so opwek om God te loof en dank. Mag u in u hart opreg beweeg word om ŉ offer te bring, nie by die ou tempel nie, maar met jou hele wese (Rom. 12:1). Met hand en mond, mag ons die Here loof en dank omdat Hy goed is. Hy het sy troue liefde aan ons bewys deur Jesus Christus, en sy trou is tot in ewigheid.

En mag hierdie lof en dank opreg en uit die **hart** kom. Mag dit vir ons ŉ bron van vreugde wees. Mag ons juig, en jubel, mag ons sing en die Here prys. Hoe kan dit anders?

### 2.5. Psalm van belydenis:

Dit bring ons by ons laaste punt uit. Dit is besonders om te weet dat die woord in die titel van die Psalm nie net kan beteken *lofprysing* of *danksegging* nie, maar ook *belydenis*.

Vers 3 roep ons tot ŉ erkenning dat die Here alleen God is. Dat Hy ons sy eiendom maak deur Christus en dat ons deur Hom versorg word, soos ŉ Herder sy skape versorg. Dit is die belydenis dat God goed is. Dat sy troue liefde ewig is.

Elke keer wat ŉ Israeliet ŉ lofoffer gebring het, het hy eintlik met sy offer bely. So is die nagmaal ook ŉ belydenis van wat God in Christus in ons lewe gedoen het.

En as ons nou die Psalm omdraai en van onder af boontoe lees, sien ons hoe hierdie belydenis uitbrei.

- Dit begin by die rede vir ons lof en dank: God se goedheid en troue liefde (v.5).
- Dan brei dit uit vanaf die poorte en voorhowe van die tempel (v.4).
- Dit beweeg na die verbondsvolk wat erken dat hulle aan Hom behoort (v.3).

- Uiteindelik spoel dit oor na die ganse aarde wat saamgeroep word om die Here te loof (v.1–2).

Hierdie beweging volg so mooi op die nagmaal. Ons kom in God se teenwoordigheid, ons bely wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het, en dan staan ons op om uit te gaan die wêreld in. Ons dra die lof en die belydenis saam met ons, van die poorte tot by die uithoeke van die aarde. Só gebruik die Here ons om die uitnodiging van Psalm 100 die wêreld in te dra.

**3. <u>Slot</u>**

Ek sluit af.

Geliefdes, ons lof en dank mag nie bly tussen die mure van 'n kerkgebou nie. Dit moet ook 'n belydenis wees wat uitgaan die wye wêreld in. Dit is immers die opdrag wat Christus ons koning vir ons gegee het met sy hemelvaart (Mat. 28).

Dit is vir hierdie rede dat die korste Psalm (117) juis hierop fokus:

"*Loof die Here, alle nasies, roem Hom, alle volke, want magtig oor ons is sy troue liefde, ja, die trou van die Here is vir ewig. Halleluja!*"

## Amen